basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**ONTWERP V1**

**(TEORIE)**

**NOVEMBER 2011**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 37 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

**VRAAG 1 (20 punte in totaal)**
**AS1: Maak waardebepalings deur 'n duidelike begrip van Ontwerp.**
**AS2: Begrip van ontwerpteorie en die korrekte gebruik van ontwerpterminologie.**

**1.1 (Ken 10 punte in totaal toe)**

**1.1.1 (Ken 4 punte toe)**
Leerders moet met 'n goed-beredeneerde argument bespreek of Suid-Afrikaanse ontwerp identiteit kort deur te verwys na FIGUUR A.

MOONTLIKE ANTWOORDE:

**NEE, Suid-Afrikaanse Ontwerp het 'n identiteit**:
Suid-Afrika het baie om die wêreld te bied. Van ontwerp tot argitektuur het hierdie land die potensiaal om vernuwende oplossings aan baie van die wêreld se probleme te bied. ☑

Suid-Afrikaanse ontwerp is moeilik om te definieer en tog kan jy dit dadelik herken, selfs in 'n wêreld waar style aanhoudend ineenvloei en oorvleuel. ☑ Kontemporêre Afrika-simbole, kleure en tradisionele tegnieke (byvoorbeeld Haldane Martin se Zulu Mama Chair) ☑ is besig om stadig na jare se nabootsing van Europese en Amerikaanse ontwerpstyle te verskyn. Ons kan nie die tradisionele Westerse invloede ongedaan maak nie, maar terselfdertyd is dit belangrik om 'n ontwerpstyl uniek aan Suid-Afrika te ontwikkel. ☑

Dis belangrik omdat die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse styl gehelp het om 'n unieke en verenigde Suid-Afrikaanse identiteit te smee. ☑ Om geboorte te gee aan 'n kultuur wat mense aanmoedig om hulle eie uiteenlopende en gemeenskaplike erfenis te vier, ☑ eerder as om altyd na Europa of Amerika te kyk, sal ook 'n positiewe impak op sosiale, kulturele en ekonomiese groei (Trots Suid-Afrikaanse veldtog) hê. ☑ En dit het nou begin.

Suid-Afrikaanse ontwerp is lankal nie meer altyd onfatsoenlike, toeriste-agtige zebra-vel-motiewe, maskers en Zulu-hutte nie. ☑ Daar is soveel meer, van Bitter Komix en I-Juicy tot SABC 1 se nuwe Suid-Afrikaanse veldtog. Meer en meer televisie advertensies lyk toenemend onmiskenbaar Suid-Afrikaans. ☑

Figuur A het vorms gebruik wat meer 'Afrika' in trefkrag het. ☑ Hierdie vorms kan skilde voorstel wat op 'n informele wyse gerangskik is. ☑ Die ontwerp se herhalende spiraal-patroon op die oppervlak is ingegraveer /ingesny, wat deur tradisionele Afrika vlytkunspraktyke beïnvloed kan wees. ☑ Die natuurlike kleur-palet dra ook tot die Afrika-trefkrag van die ontwerp by. ☑

**JA, Suid-Afrikaanse Ontwerp het nie 'n identiteit nie**:

Suid-Afrikaanse ontwerp is moeilik om te definieer omdat style aanhoudend ineenvloei en oorvleuel. ☑ Suid-Afrikaanse kulture en leefstyle is so uiteenlopend en veelvlakkig dat dit moeilik is 'n enkele, duidelike Suid-Afrikaanse styl te identifiseer. ☑ Figuur A blyk 'n samestelling van verskillende style (eklekties☑) te wees wat lyk asof dit tradisionele Afrika-vorms met Oosterse spiraal-patrone meng. ☑ Figuur A het nie 'n duidelike Suid-Afrikaanse styl nie aangesien die kleur, twee- en drie-dimensionele vorms en lyne nie op 'n unieke Suid-Afrikaanse ontwerp dui nie. ☑ Die verlengde, langwerpige vorms van die stuk skep 'n eksotiese (Meksikaanse) aanvalligheid. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

**1.1.2 (Ken 4 punte toe)**
**Die volgende mag by die analise ingesluit word:**

- **Patroon** (element) – **herhaling** ☑ van vorms, kleure en lyne skep 'n tipiese Afrika-patroon. ☑ Negatiewe ruimtes binne die ontwerp versterk die algehele effek van die patroon. ☑ Die herhaling en plasing van die rooi stene. ☑ Herhaling van die skildmotief, ens. ☑

- **Tekstuur** (element) – die ingegraveerde spiraalpatroon en die verhewe rooi stene op sommige metaalstukke (visuele tekstuur) ☑ kan in FIGUUR A gesien het. Dit kan op die oorspronklike ontwerp gevoel word (tasbare tekstuur). ☑ Die spel van lig tussen soliede dele en leegtes skep 'n dinamiese visuele tekstuur. ☑ Kontras tussen gladde en growwe oppervlaktes : glas en metaal. ☑

**1.1.3 (Ken 2 punte toe)**

- **Goeie voortsetting** – elemente gerangskik in 'n reguit lyn (lyk soos die amandel-, oog- of skildvormige metaalstukkies) word as 'n groep ervaar ☑ en word gesien om meer verband te hou as elemente wat nie in dieselfde lyn is nie. Addisioneel word die ingegraveerde spiraalpatrone op elke stuk op so 'n wyse herhaal dat die oog die spiraalvorm voltooi. ☑ Dit skep eenheid tussen die aparte vorms. ☑

- Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| V1.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE 10 |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping van elemente en beginsels | 20% | 1.1.1 | 2 |
| Middel-orde | Toepassing van elemente en beginsels | 60% | 1.1.2 +1.1.3 | 6 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering | 20% | 1.1.1 | 2 |

**1.2 (Ken 10 punte in totaal toe)**

**1.2.1 (Ken 4 punte toe): Illustrasies as verduideliking aanvaarbaar**

- **Lyn** – basiese geometriese vorms word geskep deur die gebruik van reguit lyne alleenlik. ☑ Daar is geen gekurfde lyne in die boekrak nie, slegs hoekige/diagonale lyne. ☑ Die vele negatiewe ruimtes/vorms geskep deur die lyne gee 'n gevoel van oopte en ruimheid. ☑ Die gebruik van lyne skep ook funksionaliteit. ☑ Die gebruik van diagonale lyne skep beweging en lei die oog om die hele boekrak in te neem. ☑

- **Balans** – die buite-raam van die boekrak is simmetries vierkantig ☑ maar die binnekant van die raam is gevul met diagonale drade wat 'n a-simmetriese ontwerpoplossing skep. ☑ Balans/soliditeit (gewig) word deur die opsigtelike buiteraam geskep. ☑ Letterlike en fisiese balans ook geskep. ☑

**1.2.2 (Ken 6 punte toe):**

- **Verryk die lewe:** Sommige kandidate mag redeneer dat die boekrak die lewe kan verryk aangesien dit stoorplek gee vir 'n menigte items, bv. boeke, klere, dokumente, tydskrifte, ens. ☑ Dit kan ook 'n wye verskeidenheid items organiseer wat andersinds op verskillende plekke sou rondgelê het. ☑ Op hierdie wyse kan hierdie items maklik gevind word aangesien hulle almal op een plek ☑ en hoogs sigbaar sal wees. ☑
  Ander kandidate mag redeneer dat die boekrak nie die lewe sal verryk nie aangesien dit onstabiel is, maklik inmekaar kan stort en chaos kan skep. ☑ Die drade sal ook slegs 'n sekere hoeveelheid gewig kan dra. ☑ Boeke lyk asof hulle van die dradrakke kan afval (onstabiel). ☑ Die ontwerp is nie kind-vriendelik nie. Items mag afval as gevolg van onstabiele gewigsverspreidingnstable. ☑
- **Is fuksioneel:** Sommige kandidate mag redeneer dat die boekrak funksioneel is omdat dit as 'n sentrale plek vir die stoor van verskeie items dien. ☑ Dit neem baie min vloerspasie op aangesien dit teen 'n muur kan staan. ☑ Andersyds kan dit ook as 'n vertrekskeiding dien, met ander woorde multi-funksioneel wees. ☑
  Ander kandidate mag redeneer dat dit nie baie funksioneel is nie omdat die drade baie gewig moet dra. ☑ Die drade is ook skuins wat die balansering van sekere items kan vergemoeilik.

☑ Die rak mag ook 'n slordige indruk skep. ☑ Nie beskerm teen stof nie. ☑

- **Is esteties bevredigend:** Sommige kandidate mag redeneer dat die boekrak esteties bevredigend is aangesien dit 'n ongewone, interessante en unieke ontwerp is. ☑ 'n Verskeidenheid items kan gestoor word en skep 'n interessante visuele indruk. ☑ Die skoon lyne skep 'n netjiese en ordelike indruk. ☑
  Ander kandidate mag redeneer dat die rak selfs soos 'n stuk afval lyk of soos iets wat self aanmekaar gesit is. ☑ Dit mag 'n slordige/chaotiese indruk skep omdat die inhoud op verskillende skuinstes hang en uitsteek. ☑ Verder mag die rak dalk nie bydra tot die gevestigde estetika van 'n interieur nie. ☑
  Sommige kandidate mag beide positiewe en negatiewe kommentaar aangaande bogenoemde aspekte bespreek.

  Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

**VRAAG 2 [10 punte]**

| **V1.2<br>VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING** | **VRAE** | **PUNTE<br>10** |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Visuele begrip | 20% | 1.2.1 | 2 |
| Middel-orde | Toepassing | 30% | 1.2.1+1.2.2 | 3 |
| Hoër orde | Evaluering | 50% | 1.2.2 | 5 |

**AS3: Bespreek, verduidelik en toon die inhoud en funksie van produkte, beelde, tekens en simbole wat in ontwerp gebruik word om openlike en verborge boodskappe oor te dra en wat stereotipes en vooroordele van die verlede en hede bekragtig of bevraagteken.**
**AS2: Begrip van ontwerpteorie en die korrekte gebruik van ontwerpterminologie.**

2.1 2.1.1. **Ken 10 punte in totaal toe:**

Verantwoordelike ontwerpers demonstreer 'n begrip van die wyses waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te versterk of uit te daag. ☑ Hulle demonstreer 'n begrip van die ontwerper se verantwoordelikhede ten opsigte van die gemeenskap waarin hulle bly. ☑ Verantwoordelike ontwerpers kan ingeligte besluite neem wat dit moontlik maak om 'n samelewing te bou waarop ons almal trots kan wees. Hierdie ontwerpers is kultureel verdraagsaam, polities sensitief teenoor diversiteit en kan verantwoordelike burgerskap aanmoedig. ☑

- **Die gebruik van stereotipes, partydigheid en vooroordeel in FIGUUR A**.
  Daar is baie partydigheid en vooroordeel te siene in die advertensie. Die karakters is stereotipies. Die ryk kliënt, bv. die rykaard ('fat' cat) en die bose uitdrukking van Danny "Deadline" is tipiese stereotipes en vooroordele (korporatiewe sakemanne), wat dikwels verbind word met kreatiewe ontwerp werksomgewings. ☑ Hierdie karakters word as negatief, ongewild uitgebeeld ☑ terwyl die ontwerpers 'slank', byderwets en jonk is. ☑ Almal word verteenwoordig en uitgenooi deur die bank. ☑ Die vroulike ontwerper genaamd Stacy word as 'n tipiese stereotiperende 'sexy' vrou in die werksplek voorgestel. ☑

- **"Niks behoort in die pad van grootse ontwerp te staan nie"**
  Leerders mag redeneer dat goeie ontwerp geen grense benodig nie. ☑ Grense onderdruk kreatiwiteit en oorspronklikheid. ☑ Uitmuntende ontwerpers verskuif dikwels grense met goeie ontwerpoplossings tot gevolg wat gevier en onthou word. ☑ Goeie ontwerp behoort altyd die voorreg van alle ontwerpers te midde van middelmatigheid te wees. ☑
  Anders mag leerders argumenteer dat goeie ontwerp uit verantwoordelike ontwerppraktyk voortvloei. ☑ Selfs wanneer goeie ontwerp geskep word, is dit steeds nodig om sensitief teenoor die gemeenskap waarin ons leef, te wees. ☑ Kontemporêre ontwerppraktyk vereis dat ontwerpers meer bewus moet wees daarvan om nie 'n uiteenlopende teikenmark aanstoot te gee nie. ☑ Goeie ontwerp vereis inklusiwiteit op baie vlakke. ☑

**Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.**

| V2<br>VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE<br>10 |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Waarneming; Herroeping; Begrip | 40% | 2.1.1 | 4 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | 2.1.1 | 4 |
| Hoër orde | Analise; Sintese Evaluering; Aftrekking | 20% | 2.1.1 | 2 |

**VRAAG 3 [20 punte]**

**AS4: Ondersoek, reflekteer en interpreteer inligting vanuit 'n verskeidenheid bronne wat wêreldwye/globalisasie-invloede toon en hoe dit die ontwikkeling van ontwerp beïnvloed.**

**3.1 (Ken 10 punte toe in totaal)**
**Sien relevante aanbevole LOOM in die LPR vir hierdie voorbeelde, of verwys na die Gr 12 Ontwerp Handboek. 'n Leerder mag enige voorbeeld uit die voorgeskrewe LOOM in die LPR gebruik of na enige ander gedokumenteerde bron verwys.**

**3.1.1 (Ken 2 punte toe)**
Leerders sal verskeie standpunte ten opsigte van die stelling gee. Leerders sal hulle menings op die sukses of mislukking van die ontwerp baseer. Sommige leerders mag uitlig dat wanneer tradisionele ontwerpe herinterpreteer word dit hulle dikwels goedkoop laat lyk. ☑ Hierdie ontwerpe meng en pas alreeds gevestigde style en werk dikwels nie ☑ en is visueel onaantreklik. ☑ Om te kopieer, is om kreatiwiteit te beperk. ☑
Anders mag leerders argumenteer dat hierdie 'nuwe' ontwerpe nuwe lewe in tradisionele ontwerpe blaas. ☑ Deur ontwerpe te herinterpreteer, word die belangstelling van die teikenmark behou ☑ en word hulle nie verveeld met afgesaagde idees nie. Kreatiewe en oorspronklike ontwerpe is ontwikkel deur middel van herinterpretasie. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

**3.1.2 (Ken 8 punte toe):**

- **Kleur:** Die kleur in FIGUUR A is eenvoudig/modern (swart en silwer/chroom) wat 'n gladde voorkoms geskep het. ☑ FIGURE A en B gebruik donker kleure wat 'n 'swaar' voorkoms in FIGUUR B skep, maar nie in FIGUUR A nie as gevolg van die gebruik van die weeftegniek. ☑ FIGUUR B het kleur in die rugleuning terwyl FIGUUR A geen kleur het nie. ☑
- **Vorm:** Die sitplek in FIGUUR A het 'n ovaal-vorm wat gekombineer is met die eenvoudige geometriese vorms van die pote in vergelyking met FIGUUR B wat 'n 'bonkige' vorm het. ☑ FIGUUR B het 'n ongewone/unieke vorm soos gesien in hierdie post-moderne ontwerp. ☑
- **Tekstuur:** Die tekstuur in FIGUUR A is baie meer tasbaar as gevolg van die tradisionele mandjieweef-tegniek. ☑ FIGUUR B maak gebruik van tradisionele sagte gestoffeerde materiaal wat 'n geweefde tekstuur suggereer. ☑

- **Gebruik van materiale en tegnieke**: Die styl in FIGUUR A is kontemporêr aangesien dit 'n klassieke ontwerp (19de eeu) herinterpreteer het deur nuwe materiale op 'n unieke wyse te gebruik (samesmelting van tradisie en Moderniteit). ☑ FIGUUR B s'n is anti-tradisioneel aangesien dit 'n tradisionele/klassieke ontwerp vat en dit heeltemal verander (deur samesmelting) in 'n nuwe, eklektiese ontwerp (deur twee stoele saam te smelt/aan te pas in een stoel met die gevolg dat dit 'n parodie is van vorige ontwerpstyle). ☑ Die materiaal gebruik in FIGUUR A is herwinde plastiek en chroom ☑ terwyl FIGUUR B brons en materiaal gekombineer het. ☑

In terme van ooreenkomste het FIGUUR A 'n klassieke moderne ontwerp herinterpreteer deur gebruik te maak van tradisionele mandjieweef-tegnieke. ☑ FIGUUR B het 'n tradisionele klassieke ontwerp herinterpreteer deur dit in 'n kontemporêre skepping te verander. ☑ Beide stoele is masjien-vervaardig. ☑

| V3.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE 10 |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Waarneming | 40% | 3.1.2 | 4 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | 3.1.2 | 4 |
| Hoër orde | Evaluering | 20% | 3.1.1 | 2 |

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

**3.2 (Ken 10 punte in totaal toe)**
**NOTA: 'n Leerder mag enige voorbeeld soos verskaf in die LPR, PAT of enige ander gedokumenteerde bron gebruik.**

**3.2.1 (Ken 2 punte toe)**
Die ontwerp maak gebruik van tradisionele vlytkuns-praktyke om 'n kontemporêre kledingstuk in 'n unieke draagbare item te verander. ☑ Die ontwerp is ook uniek aangesien dit tradisionele geometriese patrone eie aan KwaZulu-Natal inkorporeer. ☑ Dit is ongewoon vir 'n formele westerse baadjie se oppervlak om met krale versier te word. ☑

**3.2.2 (Ken 8 punte toe)**
<u>**Ken punte soos volg toe:**</u>

- **Naam van die ontwerper / ateljee / agentskap** (ken 1 punt toe) **en die ontwerp / produk** (ken 1 punt toe) **en 'n kort beskrywing** (ken 2 punte toe) **van die ontwerp.**
- **Die kenmerke van en invloede op die ontwerp.** (ken 2 punte toe)
- **Hulle eie unieke identiteit.** (ken 2 punte toe)

**<u>VOORBEELD 1</u>**:

**<u>Verskaf 'n naam, 'n produk en 'n kort beskrywing van die ontwerp</u>:**
Moonbasket Studio ☑ ontwerpers Dani le Roy en Laura Summs. ☑ Hulle het 'n verskeidenheid produkte insluitende lampskerms, polsbande en stoeltjies.☑
Die produkte is gemaak van riempies en goiingtoue in helder ekspressiewe materiaalrafels. ☑ Die produkte is die resultaat van natuurlike goiingtoue, katoen en gevlegde bande gehekel met 'n verskeidenheid steke. ☑ Die produkte is vereenvoudig en modern en toon gekleurde buitelyngare. ☑ Hierdie produkte word gebruik vir leefareas of interieurs. ☑

**<u>Wat is die kenmerke van en invloede op die ontwerp?</u>**
'n Belangrike invloed was ontwerper Laura Summs se liefde vir hekel, 'n tipiese tradisionele kunsvlyt wat nou omskep is in nuwe en opwindende 'Afrika'-produkte. ☑ Hekel is een van die min kunsvlytvorme wat deur 'n masjien nageboots kan word nie. ☑ Die unieke kwaliteit van elke handgemaakte item geproduseer word die belangrikste deel van sy luukse kwaliteit. ☑ Moonbasket kombineer die passie vir hekelwerk met die begeerte om verarmde gemeenskappe in die omliggende dorpies te help. ☑ Die groep is 'n ekonomiese bemagtigingsprojek. ☑

**<u>Hoe het die ontwerper/ateljee/agentskap sy/haar/hulle eie unieke identiteit geskep?</u>**
Deur die gebruik van katoenstringe en goiingdrade word die skulpturele kwaliteit van die hekelwerk in die produkte vergroot. ☑ Die gebruik van verskillende steek- / hekelwerk laat toe dat die produk die patrone vergroot wanneer dit lig reflekteer. ☑ Die styl van die produkte is baie eenvoudig en uniek, want dit neem 'n tradisionele Victoriaanse handvlyt en herinterpreteer hierdie tegniek in 'n vrypostige nuwe Afro-sentriese rigting. ☑

L.W. Die toepassing van kritiese denkvaardighede en die wyse waarop die leerder bevoeg is om die vraag toepaslik te beantwoord, moet in die algehele assessering van hierdie vraag in ag geneem word. Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings.

| **V3.2 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING** | **VRAE** | **PUNTE 10** |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping<br>Opnoem | 30% | 3.2.2 | 3 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | 3.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering / Aftrekking | 30% | 3.2.1 + 3.2.2 | 2 + 1 |

**VRAAG 4 [30 punte]**

**AS4: Ondersoek, reflekteer en interpreteer inligting vanuit 'n variëteit vanbronne wat wêreldwye/globalisasie-invloede toon en hoe dit die ontwikkeling van ontwerp beïnvloed.**
**AS5: Analiseer, interpreteer en reflekteer krities op voorbeelde en bring hulle in verband met hulle kulturele, historiese en kontemporêre kontekste.**

**Sien relevante/aanbevole LOOM in die LPR vir 'n lys van 20ste Eeuse style wat gedek moet word of verwys na die Gr 12 Ontwerp Handboek of enige ander gedokumenteerde bronne.**

**4.1 (Ken 20 punte toe in totaal):**

**STRUKTUUR:**

- Noem TWEE style/bewegings
- Noem die ontwerper en ontwerp per styl / beweging en reflekteer hulle moontlike bronne van inspirasie. **(Ken 2 punte per beweging toe)**
- Bespreek die hoofkenmerke van EEN ontwerp vir elke styl / beweging. **(Ken 4 punte toe per beweging)**
- Bespreek die algemene doelwitte van elke styl / beweging. **(Ken 4 punte toe per beweging)**

**(Ken 10 punte per styl/beweging in totaal toe)**

**OPSIE: ART NOUVEAU**

**Noem die ontwerper en ontwerp:** (ken 2 punte toe)
**VOORBEELD 1:**
Antonio Gaudi ☑ bv. Casa Mila of 'La Pedrera,' of 'The Quarry'. ☑

**Bespreek die hoofkenmerke van die ontwerp en Gaudí se moontlike bronne van inspirasie: (Ken 4 punte toe).**

Die struktuur van Casa Mila het horisontale en vrydraende vertikale balke, 'n versameling van voue uit klip, seegrotte wat die primitiewe beeld van die "*roca*" herroep, 'n woord wat beide 'vesting' and 'krans' by die sinne oproep. ☑ Die vorm en struktuur van die fasade is al vergelyk met byekorwe, ☑ sandduine ☑ en Afrika woestynhuise in rotswande gebou. ☑ Ander inspirasies wissel van seegolwe ☑ tot 'n verskeidenheid veralgemeende verwysings tot "heilge berge" bv. Katalonië - Montserrat, Montseny, Montsalvat, selfs 'n bergtop met wolke. ☑ Casa Mila is beeldhouagtig, met kontraste tussen kurwes, holtes, en leegtes, met vaal klip wat gekontrasteer word met donker yster. ☑ Gegote ysterbalkonne met vorms afgelei van seewier, seeslakke en aangepakte koraal. ☑ Die dak van Casa Mila is 'n ongelooflike integrasie van beeldhou-vorms geïnspireer deur argitektuur – die dak verrys, draai in die rondte en verander in skoorstene en lugskagte wat herinner aan vuurspuwende 'humanoid' totempale, koppe met helms (koppe wat 'n mens vandag herinner aan Darth Vader en sy stormtroepe in Star Wars). ☑



**OF**


**<u>VOORBEELD 2:</u>**
**(Ken 2 punte toe)**
Louis Tiffany ☑ bv. Die 'Dragonfly Tiffany' Lampreeks – beskikbaar in bv. Groen; Oseaanblou en Geel Naaldekokerlampe. ☑



*Groen Naaldekoker*



*Oseaanblou naaldekoker*



*Geel Naaldekoker*



*Rooi Esdoringblaarlamp*



*Wilgerboom-lamp*



*Sonneblom Blomme-lamp*

**(Ken 4 punte toe)**:

**<u>Bespreek die hoofkenmerke van die ontwerpreeks en Louis Tiffany se moontlike bron van inspirasie</u>**: Tiffany was moeg van die wetenskaplike aard van die massa-geproduseerde wêreld. Hy wou nuwe tuistes skep as 'n toevlugsoord vanaf die steriele wêreld. Geïnspireer deur goggas en 'n lewenslange bekoring met tuinbou het Tiffany hom tot die natuur gewend. ☑ Tiffany lampe is van hoogstaande kwaliteit, handgemaak en geskep van gebrandskilderde glas met 'n brons voetstuk. Ses hoofkategorieë van lampe: vloer, lessenaar, hangskerms, muurkandelare, tafel en kroonkandelare. ☑ Tiffany se lampe kan in 7 kategorieë geplaas word: Oneweredige Boonste, Lae Rand, 'Fravile', Geometries, Oorgang na Blomme, Blomme-keëls en Geblomde Bol. ☑ Die titels is geïnspireer deur die natuur; Rooi Esdoringblaar, Wilgerboom & Sonneblom Blommelamp, ens. ☑

Die Oneweredige Boonste en Lae Rand lampe het 'n oop kroonrand wat help om 'n tak, 'n boom of struikgewasse op te wek. Die 'Fravile' kategorie, wat handgemaak beteken, identifiseer die eerste lampe wat Tiffany met hierdie etiket gemaak het. Sy voorletters **LCT** het later die 'Fravile'-etiket vervang. Die Geometriese kategorie, hoofsaaklik deur ambagsmanne gedoen, spreek vanself. Die Tiffany ambagsmanne het geometriese vorms soos driehoeke, vierkante, reghoeke en ovaalvorms gebruik om hierdie patrone vir hierdie lampe te vorm. Volgende is die Oorgang na Blomme groep wat onderverdeel is in die Blomme-keëls en Bolagtige lampe. Al hierdie lampe volg 'n natuur-, of botaniese, ontwerp deur gebruik te maak van blomme, ☑ naaldekokers, ☑ spinnekoppe met spinnerakke, ☑ skoenlappers ☑ en pouvere. ☑ Die verskil tussen hierdie kleiner kategorieë is die verskil in die lampskerms, basies 'n keël en 'n bol. ☑ Die gebruik van organiese motiewe soos harte, bloeisels en eiervormige vorms is almal invloede van die Art Nouveau styl wat hierdie voorwerpe gebruik as simbole vir groei en lewe. ☑ Sterk gebruik van golwende, kronkelende kromlynige en terugspringende lyne, geïnspireer deur organiese twee- en drie-dimensionele vorms van die natuur, bv. takke, stele en blomme. Die vroulike vorm het slanke, elegante en elegantgesofistikeerde ontwerpe geïnspireer soos gesien in die stele van die Tiffany Lampe. ☑

**<u>Die doelwitte van Art Nouveau</u>** – **(Ken 4 punte toe):**

- Die hoofdoel was om 'n geskikte styl vir die industriële eeu te vind. In 1861 het die Engelse ontwerper William Morris, gehoop om die banaliteit van industrie-vervaardigde dekoratiewe kunste te oorkom deur 'n terugkeer na middeleeuse vakmanskap te koester. ☑
- Die visuele standaarde van die Art Nouveau styl is gebou op die plat, dekoratiewe patrone ineengeweef met organiese vorms, stele en blomme. ☑
- Art Nouveau het handvervaardiging gepromoveer in teenstelling met masjienvervaardiging en die gebruik van nuwe materiale soos gegote yster en edeltin. ☑
- Hoofonderwerpe is uitspattige voëls en blomme, insekte en femme fatale of die sensuele vroulike vorm. Abstrakte lyne en vorms word wyd gebruik binne die herkenbare onderwerpmateriaal. ☑
- Een van die hoofinvloede op Art Nouveau was die Simboliste Beweging, wat in die 1880s begin het. Visuele beelde deur hierdie groep aangeneem, het godsdienstige mistisisme met erotika verbind. Art Nouveau het die inspirasie van hierdie bron met sommige van die elemente van die Kuns en Kunsvlyt filosofie gekombineer; dit was ook hoogs afwisselend en asimmetries. ☑

- Art Nouveau se spore is sigbaar in die kuns van die Pre-Raphaeliete en selfs in die kuns van die 18de-eeuse visioenêre digter William Blake, met 'n konsentrasie op oppervlakversiering. ☑
- Dit was hoofsaaklik 'n dekoratiewe styl en was as sulks veral in metaalwerk, juweliersware en glasware gebruik, asook in boekillustrasies waar die invloed van Japanese afdrukke dikwels duidelik is. ☑

- Japanese houtblok-afdrukke met hulle gekurfde lyne, patrone, kontrasterende ooptes en platvlakkigheid is ook beïnvloed deur Art Nouveau. ☑
- Die styl se patrone en motiewe is duidelik geïnspireer deur die natuur en dus biomorfies. Die kenmerkende lyn, 'n vloeiende kromlyn, sou Art Nouveau die beskrywende byname 'noedel', 'voorslag', 'lintwurm' en 'sigaretrook-styl' gee. ☑
- 'n Gunsteling Art Nouveau tema was 'n nimf met blomme in haar oorvloedig-stromende hare. Sy het op die plakkate van **Alfonso Mucha** verskyn en ook tussen die opale en maanstene van René Lalique se juweliersware. Ander gunstelinge was poue, naaldekokers en motte – almal weerspieël 'n natuurlike invloed met 'n tikkie fantasie. ☑
- Sterk gebruik van helder enamels en goue draadwerk in kamme, borsspelde en ander versierings. Doukelkies glim deur die gebrandskilderde glas van Louis Comfort Tiffany. ☑

**EN**

**OPSIE: POSTMODERNISTIESE BEWEGING**
**(Ken 10 punte per styl/beweging toe)**

**VOORBEELD**:
**<u>Noem die ontwerper en ontwerp</u>: (Ken 2 punte toe)**
<u>Alessandro Loschiavo</u> ☑ bv. Indiese Ooievaar (Maraboe) of Voël-Morfiese tafels. ☑

**<u>Bespreek die hoofkenmerke van die ontwerp en Alessandro Loschiavo se moontlike bron van inspirasie</u>: (Ken 4 punte toe)**



Die hoofstimulus kom van die waarneming van sekere moerasvoëls (bv. die ooievaar) wat gewoonlik langs die oewers van die groot mere in ekwatoriale Afrika en die Afrika-grasvlakte bly. ☑ Die Indiese ooievaar het hierdie onkonvensionele surrealistiese sytafeltjies geïnspireer aangesien hulle ooievaars wat oor 'n poel loop naboots. ☑ Hulle lang, maer bene en versigtige, afgemete beweging terwyl hulle deur die vlak water loop, was die invloede vir die vorming van die MARABOE. Die MARABOE is 'n sytafel geheel en al gemaak van harde mahonie- of rooshout. Dit is saamgestel uit 'n plat, traanvormige top, twee stomphoekige pote en 'n sirkelvormige voetstuk. ☑ Dit bring ook hulde aan Surrealistiese kunstenaar Meret Oppenheim se 1939 work '*Table with Bird's Legs*'. ☑ Beide ontwerpe word gekenmerk deur humor of geestigheid. ☑



**<u>Bespreek die hoofdoelwitte van Postmodernisme</u>: (Ken 4 punte toe)**

- Postmodernisme is 'n reaksie op Modernisme en sy beperkinge. ☑
- Die argitek Robert Venturi het geglo in "*Minder is Vervelig*" – gemik op die insluit van 'n verskeidenheid visuele beelde en simbolisme of populêre kultuur, bv. helderkleurige, neon-beligte fasades van hotelle, casino's, ens. - protes teen die Modernistiese fokus van Mies van der Rohe se bekende "*Minder is meer".* ☑
- Humoristiese of gevatte ornamentasie en verwysing is deel van Postmodernisme. ☑ In Postmoderne strukture is dit dikwels bereik deur teenstrydige boustyle langs mekaar te plaas. ☑
- Die Italiaanse Anti-ontwerp beweging (bv. ateljeegroep Memphis Studio) word 'n sterk invloed met prominente ontwerpers, bv. Ettore Sottass, wat deur die gebruik van sterk vorm en kleur poog om vryheid van uitdrukking te bevorder. ☑



Ettore Sottass bv. Charlton Boekrak

- 'n 'Neo-Eklektiese Styl' ontstaan. Aangehaalde/geleende style en verwysings kan in baie versierde argitektoniese fasades gesien word. ☑ Hierdie eklektisisme word dikwels saam met die gebruik van nie-gesentreerde en ongewone oppervlaktes gekombineer, bv. Etorre Sottass wat van Kitsch, Art Deco en Futurisme geleen het en goedkoop materiale van populêre en hoë kultuur in sy ontwerpe ingesluit het. ☑
- 'n "Klassieke Eklektiese Styl" het vanuit Klassieke modernisme ontwikkel en geleen – van die antieke Grieke bv. Charles Moore en sy "*Piazza d' Italia*" – waar hy vorige aspekte van verskeie geboue aanhaal en hulle kombineer (soms selfs op 'n onharmonieuse wyse). ☑ 'n Duidelike voorbeeld van hierdie nuwe benadering was die terugkeer van kolomme en pedimente (maar nie om hulle slegs te herskep soos met die neoklassieke argitektuur nie). ☑ In Modernisme was die tradisionele kolom (as 'n ontwerpkenmerk), wat as 'n silindriese pypvorm gehanteer is, vervang deur ander tegnologiese maniere soos kantelbalke of heeltemal deur gordynagtige muurfasades weggesteek. ☑ Die terugbring van die kolom was 'n estetiese, eerder as 'n tegnologiese, vereiste bv."*Piazza d'Italia"* deur Charles Moore. ☑
- Charles Moore se "*Piazza d'Italia"* (1978) is ook 'n uitstekende voorbeeld van ironie, met (argitektoniese) elemente van die Italiaanse Renaissance en Romeinse oudheid. ☑ Hy doen dit egter met 'n kinkel. Die ironie ontstaan wanneer gesien word dat die pilare met yster bedek is. ☑
- 



Charles Moore en sy "*Piazza d' Italia*"

- Ontwerpagentskappe weet dat verbruikers meer ontwerpbewustheid ontwikkel het en dat hulle bekostigbare maar statussimbool-ontwerpe koop. ☑ Alessi en Swatch het ontwerpers soos Phillipe Starck en Frank Gehry in diens geneem. ☑



Phillipe Starck bv. "*Ghost Chairs*"

- Phillip Starck het a teenstrydigheid met die "*Ghost Chairs*" geskep – die deursigtige plastiek lyk breekbaar, maar is tog sterk. ☑

- Dekonstruksie – plaas klem op ontwerpe wat nie aan normale strukturele reëls vaskleef nie ☑ bv. Frank Gehry se unieke, vreemde "*Strata Building".* Strukture is gefragmenteer soos 'n Kubistiese skildery/beeldhouwerk. ☑ Dekonstruksie hou ook daarvan om die weggesteekte vormstruktuur te ontbloot. ☑



- Feminisme – gemik op die insluiting van die vroulike standpunt wanneer motors, geboue en openbare ruimtes ontwerp word. ☑
- Kontekstualisasie is gewortel in die veronderstelling dat alle kennis "konteks-sensitief" is. Om 'n ontwerp te kan interpreteer, behoort die kulturele konteks van die materiale, vorms en besonderhede in ag geneem te word. ☑



*"Die Stadsaal* in Mississauga", (Kanada)

Die wye landelike plaaskonteks het die struktuur van hierdie "futuristiese plaassaal" beïnvloed

- Meervoudigheid (twee of meer betekenisse) vra vir diverse gebruik van style en dit lei tot 'n veelvuldige interpretasie van ontwerpe. ☑
- Sterk terugkeer na biomorfiese en organiese en volhoubare of groen ontwerpe. ☑

Ander relevante voorbeelde mag bespreek word.

| V4.1<br>VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE<br>20 |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping van feite | 30% | 4.1 | 6 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | 4.1 | 8 |
| Hoër orde | Kritiese waardering<br>Analise | 30% | 4.1 | 6 |

**4.2 (Ken 10 punte toe)**

Die twee visuele beelde (FIGUUR A en FIGUUR B) is gekies om twee verskillende bewegings uit die ontwerpgeskiedenis gekies.

Ten opsigte van ooreenkomste mag leerders redeneer dat beide FIGUUR A en FIGUUR B geboue en funksioneel is. ☑ Beide geboue het vensters. ☑

Ten opsigte van die verskille gebruik FIGUUR A (Bauhaus) filosofieë van De Stijl as invloed, ☑ anders as FIGUUR B (Art Deco) wat beïnvloed is deur Konstruktivisme, Kubisme, Fauvisme en die kuns van Egipte. ☑ FIGUUR A se (Bauhaus) struktuur is styf en is bereik deur die gebruik van geometriese lyne. ☑ Die struktuur van FIGUUR B (Art Deco) maak gebruik van sterk liniêre motiewe ☑ en die lyne is intens en vloeiend met sagte rante ☑ in teenstelling met FIGUUR A wat die filosofie van 'ekonomiese gebruik van detail' imlimenteer. ☑ Verder is FIGUUR B swaar in voorkoms vergeleke met die 'ligtheid' van FIGUUR A. ☑

Die dekoratiewe oppervlakdetail van FIGUUR B is in direkte kontras met die 'skoon' eenvoudige detail van FIGUUR A. ☑ FIGUUR A het eenvoudige industriële styl reghoekige vensters terwyl FIGUUR B ronde vesnsters op die hoeke het. ☑ FIGUUR A het groot ononderbroke en onversierde muurruimtes ☑ terwyl FIGUUR B hoofsaaklik opgeneem word deur vensters en oppervlakversierings. ☑

**Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings.**

| V4.2<br>VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE<br>10 |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping van feite | 20% | 4.2 | 2 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | 4.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering/ Aftrekking | 40% | 4.2 | 4 |

**TOTAAL AFDELING A: 80**

## AFDELING B

**VRAAG 5: SOSIALE KLEM [20 punte]**

**AS7: Demonstreer en verstaan die maniere waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te bekragtig of te bevraagteken.**

**5.1 SOSIALE KWESSIES (INTERNASIONAAL) (Ken 10 punte in totaal toe.)**

**5.1.1 <u>Sommige mag saamstem met die stelling:</u> (Ken 4 punte toe)**

Gewigskwessies is baie kompleks, emosionele en persoonlike probleme. ☑ Vir die meeste mense mag hierdie tipe bemarking net te indringerig wees. ☑ Stel jou net die verrassing voor, of inderdaad die afgryse, van die niksvermoedende pendelaars wat na 'n harde dag se werk ontspan, net om op te kykl en gekonfronteer te word met hulle gewig wat geweeg en openbaar gemaak word. ☑ Vir baie mense mag dit 'n indringing van hulle privaatheid wees. ☑

**<u>Ander mag nie saamstem nie:</u>**
Die guerrilla-taktieke wat hier gebruik word, is gemik op harde feite /realiteite. ☑ Oral oor die wêreld het ons te make met bevolkingsgroepe wat onfiks en oorgewig is. Vetsug en gesondheidsverwante kwesssies het 'n algemene gesig geword. ☑ Meer en meer mense word met diabetes en hipertensie gediagnoseer as gevolg van 'n ongesonde leefstyl, bv. ooreet en gemorskos. Deel van die Nederlandse kultuur is om fiets te ry. Die bus, soos in die meeste Westerse lande, word meer en meer as openbare transport gebruik – en so kan gewig aansit hier begin. ☑ Die guerrilla-veldtog deur N=5 hoop om 'n betekenisvolle en blywende verandering teweeg te bring. ☑ Die doel is gewaarwording en moontlik skok en verleentheid, hopelik om mense terug na Fitness First Gym ('n baie gewilde gim-reeks in Die Nederlande – gelykstaande aan Virgin Active in Suid-Afrika). ☑ Vir alle voornemens en doelwitte is dit 'n slim idee ☑ en dit sal heel moontlik mense skok om terug te keer na die gim toe. ☑ Hulle mag dalk nie eers weer 'n bus wil gebruik nie. ☑


<u>Voordele in die gebruik van interaktiewe bemarking by busstoppe om jou produk te bemark</u>:
Dit laat bemarkers toe om 'n wedersydse interaksie met die teikenmark te vestig. ☑
Dit verhoog die bewustheid van 'n handelsnaam en die visuele beeld wek 'n bewustheid van die handelsmerk, produk of behoefte of probleem. ☑ Busstop of –halte bemarking dra vinnig 'n boodskap oor aan die reisende gehoor. ☑ Ontwerpers en adverteerders het die kreatiewe sy van hierdie formaat gesien. ☑ Die probleem, en die oplossing, kan aansienlik afgeskaal word. ☑ Interaktiewe ontwerp kan met tye so eenvoudig lyk dat die dissipline dikwels vereenvoudig word tot 'n versoek-reaksie vlak - bv. die ontwerp van 'n webvorm; die uitleg van 'n OTM-masjien; of 'n kaartjiesstalletjie vir 'n openbare fietsdeelskema. ☑

<u>Nadele in die gebruik van interaktiewe bemarking by busstoppe om jou produk te bemark</u>:
Ontwerpers moet die regte media gebruik wanneer hulle 'n boodskap wil oordra. ☑ Sommige het gevoel dat die gebruik van die LSD-tegnologie meer kreatief gebruik kon word. ☑ Kennis van jou kliënte is belangrik omdat mense nie konfrontasie wil hê of benodig nie. ☑ Ontwerpers en adverteerders moet verstaan dat mense en hulle probleme/ behoeftes kompleks is en nie noodwendig geskik is vir interaktiewe bemarking nie. ☑ Aangesien dit 'n redelike duur manier van bemarking is, mag begrotingsbeperkings 'n probleem met hierdie manier van bemarking wees. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

**5.1.2** **<u>EEN INTERNASIONALE SOSIAALBEWUSTE ONTWERPER WAT DIE LEWE VERBETER</u>: (Ken 6 punte toe)**

EEN MOONTLIKE VOORBEELD:



**<u>Naam van die ontwerper: Jonathan Barnbrook</u>** – Britse grafiese ontwerper en tipograaf wat sy grafiese ontwerp, lettertipes gebruik om op sosiale, kulturele en politieke gebeure te reageer. ☑
Hy sê in sy 'First Things First 2000' manifes dat ontwerpers bewus moet wees van die krag wat hulle bewerkte boodskap in die massa-media kan hê. ☑

**<u>Bespreking van ontwerp of ontwerpe</u>**:

Die Barnbrook ateljee is bekend vir sy geloof in die vermoë van grafiese ontwerp om sosiale verandering teweeg te bring. ☑ Barnbrooke se bydrae is diep stof tot nadenke, van sy korporatiewe identiteit tot sy tydskrifwerk, sy lettertipes, sy industriële ontwerpe en CD-omslae. ☑ In een van sy nuutste projekte "***<u>Friendly Fire</u>*****"** bevestig hy dat grafiese ontwerp 'n sosiale en politieke instrument of wapen is. ☑ Op 'n advertensiebord in Las Vegas het Barnbrook gesê: "Bly weg van korporasies wat wil hê jy moet vir hulle lieg". (1991) ☑ Hy reageer dikwels op die onregverdighede van die wêreld. ☑

Sommige van die welbekende lettertipes sluit 'Bastard', 'Exocet', 'False Idol', 'Infidel', 'Moron', 'Sarcastic', 'Shock & Awe' en 'Tourett' in – baie wat Barnbrook se emotiewe en kontroversiële style en tema's weerspieël. ☑

Die meeste van sy idees, komposisies en sy lettertipes wat ontwerp is om die leser te irriteer, is vasgevang in sy eerste monograaf, **"*<u>Barnbrook Bible</u>*".** ☑ Ontwerp on uit te daag, indien nie die leser te irriteer nie, is die boeke so doelbewus kineties (beweging in die uitleg en gebruik van elemente/beginsels) ☑ en chaoties ☑ dat dit tyd en moeite vereis om te ontsyfer. As die leser eers sy uitlegte en styl ontsyfer of dekodeer het, kan die ontwerp as 'n persoonlike uitdrukking in diens van massa-kommunikasie waardeer word, gewoonlik met 'n sosiale of politieke agenda. ☑ Alhoewel die **"*<u>Barnbrook Bible</u>*"** tipografie in anargie is, dien dit as 'n waardevolle historiese oorsig van sy werk en dra dit by tot die grafiese styl van die rekenaareeu. ☑ Dit bring ons by Barnbrook se politieke kommentaar in die "**<u>Barnbrook Bible</u>**". Amerikaanse buitelandse beleid en globale korporatisme is sy hoofteikens. ☑ Die meeste van sy werk is self-geïnisieer en -befonds. ☑ Deur Ronald MacDonald en Osama Bin Laden in een enkele ikoniese karakter te kombineer, is gevat maar het ook 'n belangriker doel om korporatiewe Amerika en Al Qaeda ondersteuners die josie in te maak. ☑ Dis maklik om Barnbrook se politieke werk as tipografiese tekenprente af te maak. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| V5.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE 10 |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Waarneming/ Herroeping/ Begrip | 30% | 5.1.1+ 5.1.2 | 3 |
| Middel-orde | Toepassing | 50% | 5.1.2 | 5 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering | 20% | 5.1.1 | 2 |

**5.2 (Ken 10 punte in totaal toe)**

**5.2.1 (Ken 4 punte toe)**

- Die kontras in die plakkaat is dramaties soos gesien deur die jeug in die harde gebruik van tonale gradering. ☑ Hierdie harde uitbeelding van toonwaarde vang die sosiale kommer van Xenofobie, wat aangespreek word, vas. ☑ Dit raak ook aan die ongenaakbaarheid van kontemporêre benadeelde omgewings (graffiti-styl gebruik) waar Xenofobie meer algemeen is. ☑
- Die feit dat die ontwerper besluit het om homself as fokuspunt te gebruik ('n self-portret) maak die boodskap nog meer persoonlik. ☑ Dit verwek simpatie, begrip en hopelik aanvaarding vir sy beoogde boodskap. ☑ Die 'X' op sy voorkop stel voor dat hy gemerk is. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

**5.2.2 (Ken 6 punte toe)**
EEN MOONTLIKE VOORBEELD:

**Wola Nani**

Wola Nani is toegeweid om 'n besorgde en ontwikkelingsdiens te verskaf om mense wat met HIV leef te help om positief op hulle status te reageer. ☑ Deur hulle berading, sorg, opleiding, verskerpte bewusmaking en gemeenskapsondersteuning bemagtig hulle mense met HIV om met vertroue, waardigheid en hoop beheer van hulle lewens te neem. ☑

Wola Nani, isiXhosa vir 'ons omhels en ontwikkel mekaar', is in 1994 gestig as 'n organisasie sonder winsmotief om verligting te help bring aan die gemeenskappe wat die hardste deur die HIV-krisis getref is. ☑ Gevorm teen 'n agtergrond van ekonomiese besnoeiing op welsynsuitgawes en 'n reuse toename in die getalle van HIV- en VIGS-gevalle het Wola Nani programme geïnisieer om HIV+ mense in die plaaslike gemeenskap te help om met die emosionele en finansiële druk aangebring deur HIV en VIGS te hanteer. ☑

Deur te fokus op die behoeftes van HIV+ vroue en kinders is Wola Nani se dienste daarop gemik om die las van HIV te verlig deur mense wat met die virus leef, te help om vaardighede te bekom om sodoende hulle eie hanteringstrategieë te ontwikkel. ☑ Histories ontburgerd, ontmagtigd en gemarginaliseerd, het vroue die spit van die nasionale pandemie afgebyt. ☑ Hulle het min stem om hulle behoeftes te artikuleer of dienste waarop hulle oorlewing berus, te eis. ☑

Wola Nani Crafts het ontstaan uit reaksie op die behoefte van werklose HIV-positiewe vroue om 'n inkomste te genereer. ☑ Deur 'n ontwikkelings-, selfhelp benadering is die projek se lede in staat gestel om groter beheer oor hulle lewens te neem en 'n beter kwaliteit lewe te lei. ☑

Vlytkuns sluit krale-snoere, armbande en servethouers in, asook paper mache bakkies, en prenterame, gloeilampe, kersies en kaartjies. ☑ Hulle word wyd dwarsdeur Suid-Afrika en oorsee versprei. Hulle kleurvolle, vrolike ontwerpe word wyd herken en hulle geniet die Trots Suid-Afrikaanse goedkeuring. ☑

Die vierkant van krale, gedra as borsspeld of halssnoer, is die tradisionele Zulu liefdesbrief. ☑ Die VIGS lintjie van krale verwys beide na die etniese tradisie en die internasionale herkenning van die rooi lint as simbool van solidariteit en deernis vir almal wat deur HIV/VIGS geraak is. ☑ Deur hierdie simbool te dra, weerspieël jy jou ondersteuning van globale VIGS bewustheid, en jou bydrae is direk tot voordeel van Wola Nani kliënte. ☑

Wola Nani vervaardig ook ontwerpe op bestelling in reaksie op spesifieke versoeke, bv. Items vir aandetes, Kersfeeskaartjies, konferensie-items (soos naamplaatjies, tafelplekstelle, ens.) en boekmerke. ☑






Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| V 5.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE 10 |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Waarneming/ Herroeping/Begrip | 40% | 5.2.2 | 4 |
| Middel-orde | Toepassing | 20% | 5.2.2 | 2 |
| Hoër orde | Analise Sintese Evaluering | 40% | 5.2.1 | 4 |

**VRAAG 6**
**Kandidate moet Vrae 6.1 EN 6.2 kies**
**OF Vraag 6.3**

**6.1 (Ken 10 punte in totaal toe)**

**6.1.1 (Ken 4 punte toe):**

**<u>Materiale gebruik</u>:**

**FIGUUR A** maak gebruik van gebruikte/ou materiale wat op 'n nuwe wyse herwin is ☑ en wat sag op die vel is. ☑
**FIGUUR B** maak gebruik van natuurlike gevonde materiale, plante, blare ☑ en wat die vel kan irriteer. ☑

**<u>Voordele van gebruik van herwinde materiaal:</u>**

Herwinde materiale verminder die aankoopkoste van rou materiale en masjinerie en beperk sodoende die gebruik van rou materiaal in alle verwante industrieë wat dit goedkoper maak om te vervaardig in Suid-Afrika. ☑ 'n Verwante industrie sal geskep word wat op sy beurt beteken dat meer mense unieke Suid-Afrikaanse produkte sal verkoop en ons ekonomie sal laat groei. ☑ Dit sal 'n positiewe impak hê op ons ekonomie aangesien hulle (ontwerpe) nuwe geleenthede voorsien vir die skepping van ekonomiese waarde, groei, inkomste, profyt en werk. ☑ Die ongebruikte en ou materiaal word nie weggegooi as afval om die eko-sisteem te besoedel nie. ☑

**<u>Nadele van gebruik van plantegroei:</u>**

Die klere kan slegs een keer gedra word. ☑ Jy mag elke dag nuwe klere benodig wat vir jou duur kan word. ☑ Die uitputting van materiaalbronne indien dit vir almal op 'n daaglikse basis sou moet voorsien in teenstelling met die idees van oorgang na "Groen". ☑ Dit sal 'n negatiewe impak op die omgewing hê. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

**6.1.2 (Ken 6 punte toe):**

- **Naam van die ontwerper: (Ken 1 punt toe)**
  Township Patterns ☑
- **Titel van die ontwerp(e): ( Ken 1 punt toe)**
  'n Reeks materiale ☑
- **Beskryf die ontwerp(e) en verduidelik kortliks hoe omgewingskwessies aangespreek is: ( Ken 4 punte toe)**

Hulle vervaardig 'n reeks produkte wat sarongs, rokke, hemde, sakke, serpe insluit, en huisware op gedrukte materiale wat 100% Afrika-katoen is en in 'n verskeidenheid van style kom. ☑ Die produkte kom in verskillende vorms en voorkomste met gemeenskaplike eienskappe soos gebreide of krale-bykomstighede, verstelbare bandjies en gespes. ☑ Hulle gebruik verskillende motiewe vir die sakke om tred te hou met internasionale modes en kleurtendense. ☑

Die sakke het 'n unieke etniese voorkoms en gevoel. ☑ Die hekelwerk en krale voeg 'n spesiale gevoel by en is bedoel om die gemeenskaplike produkte te verpersoonlik. ☑ Die produkte is geïnspireer deur bekoorlike patrone en kleure komende van 'township' stedelike ruimtes. ☑ Al die produkte is vergaanbaar. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| **V6.1 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING** | **VRAE** | **PUNTE 10** |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping/ Kennis/ Begrip | 40% | 6.1.2 | 4 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | 6.1.1 + 6.1.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 20% | 6.1.1 | 2 |

**EN**

**6.2 Plaaslike en Internasionale Ontwerpers (Ken 10 punte in totaal toe)**

**6.2.1 (Ken 5 punte toe):**

Die bydrae van OPGRADERING ('UPCYCLE'/herwinning na iets beter) en die skepping van 'n beter omgewingswaarde verwys na die hergebruik van gevonde / afval- / rommelmateriale, afkomstig van skeepswerwe (die herwinde gebruik van kratte en ou "klassieke" en antieke boumateriale uit gerestoureerde huise, bv. houtdeure, vensters en rame) asook geboë pote verkry van 'n ou stoel of tafel. ☑ OPGRADERING ('UPCYCLE') verwys ook na die herkontekstualisering van oorspronklike werke in 'n gans nuwe rigting. ☑ Hier word die nuwe meubelontwerp 'n kunswerk, 'n stelling en 'n aanknooppunt vir 'n gesprek. ☑ Dit kan ook gesien word as 'n goedgemaakte meubelstuk met 'n sterk gedekonstrueerde of gefragmenteerde struktuur. Dit word 'n ware Postmodernistiese ontwerp met 'n komplekse diskoers en veelvuldige betekenis. ☑

OPGRADERING ('UPCYCLE') verwys ook na die ware betekenis van volhoubare ontwerpe; dit leer mense om weer sonder moeite saam met die natuur te lewe. ☑ In plaas daarvan om duursame en soms onvervangbare materiale weg te gooi, vra OPGRADERING ('UPCYCLE') van jou om kreatief oor materiale na te dink. Deur die hergebruik en herwinning van materiale kan ons kontemporêre ontwerpe skep wat sensitief teenoor die verlede reflekteer en steeds hulle sosiale, kulturele en historiese waardes behou. ☑ OPGRADERING ('UPCYCLE') is nou modieus as gevolg van sy huidige bemarkingswaarde en die laer koste van hergebruikte materiale. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.
Moet NIE kandidate benadeel vir herhaling nie.

**6.2.2 (Ken 5 punte toe)**

Die toepassing van kritiese denkvaardighede en die wyse waarop die leerder bevoeg is om die vraag toepaslik te beantwoord, moet in die algehele assessering van hierdie vraag in ag geneem word. Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings.

**Voorbeeld van Een Internasionale Omgewingsontwerper wat tot 'n beter omgewing bydra:**

**Ontwerper: Peter Latz**, Duitse stadsbeplanner en landskapsargitek ☑ werk saam met sy vrou **Anneliese Latz**. ☑

**Voorbeelde van hulle werk**:

**Openbare Park** (558 akkers) in die bouvallige industriële hawe by **Saarbrücken** (1979 – 1989) ☑
Of **Openbare Park: Landscaftspark Duitsburg-Nord** ☑

Die doel van **Landscaftspark Duitsburg-Nord** is om Duitse industriële terreine in een-en-twintigste-eeuse parke te verander en om dit wat eens as oogsere beskou is in skouspelagtige monumentale argitektuur te verander. ☑ Die doel was om iets wat onbruikbaar was in 'n ongelooflike toeriste-attraksie te verander. ☑

Die Ruhr-vallei moes getransformeer word in 'n innoverende argitektoniese en kulturele terrein met 'n volhoubare ekologiese sisteem. ☑ Die park is geskep uit verskeie myle se smeltoonde, treinspore en uitgebrande steenkoolhope (modderig) langs die gekanaliseerde oorblyfsels van die Emscher-rivier. Die Latze het nie die bestaande geboue gesloop nie; in plaas daarvan het hulle smeltoonde hergebruik en paadjies deur hulle gebou. ☑ Hulle was nie bekommerd oor die uitebrande steenkoolhope nie, maar het hulle laat wild groei met akasias en 'ailanthus'-bome. ☑ Die formele tuine is geskep in ertsputte en lelie-dammetjies in verkoelertenks, ☑ die treinnspoor-dyke is bedek met wilde rose en 'sambuca', 'n lieflike roostuin met 'n klein doolhoffie. ☑ Hierdie verwarde en verdraaide konsepte soos "natuurlik", "nagemaak", "oop ruimte" en "gesprek" – alles gekoppel aan die tradisionele begrip van wat 'n park is. ☑

Die 100 voet hoë veelkleurige windmeul is die mees duidelike leidraad tot die park se ekologiese aspekte. ☑ Dit word gebruik vir die lig van water uit die put en is ook die kanaal se oksigeneringsisteem. ☑

Die windmeul is ook simbolies: die natuur hang van tegnologie af; tegnologie is afhanklik van die natuur. ☑ Die ganse watersisteem is beplande ekologie: Al die water in die kanaal is afkomstig van reënwaterkollekteerders en akwadukte wat deur die park en geboue kronke. ☑

Die belangrike idee is die identiteit van natuur en kultuur. ☑

By Duitsburg-Nord het jy ekologiese en natuurlike sisteme soos die kanaal – maar dit het stagnant geword en besoedel deur rioolwater. Dit is gerahabiliteer in 'n ekologiese selfonderhoudende kanaal wat met riete uitgevoer is. ☑

Die park werk op 'n aantal vlakke. Die sentrale area bevat die smeltoond, gastenk of "gasometer", en ander infrastrukture – wat nou geniet kan word as 'n reause klimraam. Voetpaadjies vat jou na die toppunt van die smeltoons en treinspore is nou fietspaadjies. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| V6.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE 10 |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping/ Kennis/ Begrip | 20% | 6.2.2 | 2 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | 6.2.1 + 6.2.2 | 4 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 40% | 6.2.1 | 4 |

**OF**

**VRAAG 6.3: (Ken 20 punte in totaal toe)**

**EEN PLAASLIK en EEN INTERNASIONAAL omgewingsbewuste ontwerper**

**VOORBEELD**: **INTERNASIONAAL (Ken 10 punte toe)**

**Naam: Stuart Haygarth ☑**


**Titel: "*Twenty Twenty"* ligontwerp ☑**

**Beskrywing of kenmerke van die ontwerp**:


Vir "*Twenty Twenty*" het Haygarth honderde brille afkomstig van Vision Aid Overseas ingebring en gerangskik. Dit is 'n welsynsorganisasie vir die kollektering en herverspreiding van weggooi-voorskrifbrille. ☑ Deur die herwinning van die brille vir hierdie krooonkandelaar het Haygarth 'n elegante en ooreenstemmmende lyn tussen hulle ou en nuwe doel getrek ☑ – van voorskrif-items vir die verbetering van sig tot 'n imposante en dramatiese liginstallasie wat besoekers in staat stel om op deur die Ontwerpmuseum se atrium te sien. ☑ Hierdie vertelling en die idee van ligskepping met 'n voorwerp wat mense help om te sien (op dieselfde wyse as 'n lig) is interessant. ☑ Die konsep en die storie agter die werk is belangrik en gee meer diepte. Alle herwinde voorwerpe het 'n verlede en 'n storie daaragter wat hopelik deur die werk oorgedra word. ☑ Hy het met opset brille met deurskynende rame gekies sodat die rame verlig word. ☑ Hy wou hier 'n kroonkandelaar skep wat herinner aan 'n vertoonstuk – amper soos 'n museum van brille. ☑



"Twenty Twenty"



"Millennium Kroonkandelaar"



"Weggooi kroonkandelaar"



"Gety kroonkandelaar"

**<u>Doelwitte van en invloede op die ontwerper</u>**:

Soos Haygarth gesê het: "My werk draai om alledaagse voorwerpe, versamel in groot hoeveelhede, gekategoriseer en aangebied op so 'n wyse dat dit nuwe betekenis gegee word. Dit is om banale en miskende voorwerpe nuwe aansien te gee." ☑ Om betowerende en stemmingsvolle stories deur middel van voorwerpe te skep, staan sentraal in Stuart Haygarth se werk. ☑ Hy vind ook meestal sy inspirasie in gevonde voorwerpe en materiale. ☑ Hy was ook geïnteresseerd in die werk van Joseph Cornell, Tom Friedman en Arman – almal kunstenaars wat alledaagse voorwerpe of gevonde voorwerpe of klaargemaakte voorwerpe ('ready-mades') in hulle werk gebruik. ☑ Cornell het gevonde voorwerpe in assemblages gebruik om fantasie-wêrelde van reis en avontuur te skep (alhoewel hy nooit gereis het nie) en dus 'n storie te vertel. ☑ Arman interesseer hom aangesien hy versamelings van alledaagse voorwerpe gebruik om wonderlike beeldhouwerke, wat hierdie miskende voorwerpe nuwe lewe en betekenis gee, te skep. ☑ Tom Freidman gebruik banale voorwerpe en materiale soos plastiekkoppies, skaamhare of 'n ontbytverpakking en skep met groot praktiese vaardigheid humoristiese kunswerke. ☑

**<u>Omgewingskwessies aangespreek deur die ontwerper</u>**:
<u>Leerders moet motiveer hoekom die ontwerper as "Aardkryger" ("*Earth Warrior") gesien kan word*</u>.

Sy eerste ligontwerpe in 2005 was 'n reeks voortreflike kroonkandelare gekonstrueer uit die uitskot van die alledaagse lewe ☑ – wisselend van 'n versameling weggooi voorwerpe wat op die kuslyn van Kent uitgespoel het tot 'n versameling duisendjarige partytjieviering klappers. ☑ Herwinning kom in sy werk voor (veral in die Gety Kroonkandelaar gemaak van weggooi voorwerpe uitgespoel op die Kent-kuslyn). ☑ Hy herwin nie doelbewustelik om etiese redes nie. Hy verafsku rommel en word beloon deur 'n kreatiewe gebruik daarvoor te vind. ☑ Hy sal sê dat dit meer 'n ekonomiese oorweging is om interessanter en goedkoper herwinde voorwerpe en materiale vir sy werk te probeer vind. ☑ Die *<u>Millennium kroonkandelaarr</u>* gemaak van 'n 1000 ontplofde partytjieklappers na afloop van die Millennium-vieringe draai om 'n spesifieke versameling voorwerpe met 'n verhalende betekenis. ☑ Hy dink daar is 'n sekere 'krag' in 'n versameling spesifieke voorwerpe. ☑ 'n Groot groepering van versigtig geselekteerde voorwerpe, hetsy volgens kleur of vorm, gee aan die voorwerp nuwe betekenis en aansien.

**VOORBEELD: PLAASLIK (Ken 10 punte toe)**

**Naam:** Clementina van der Walt ☑
**Titel:** *"Wall Flower"*. Samewerking tussen Clementina en Hennie Meyer ☑

**<u>Beskrywing of kenmerke van die ontwerp</u>**:
Haar 80s-geïnspireerde keramiekhouers kan as prettig, gevat en speels beskryf word, geïnspireer deur mitologiese kreature en menslike vorms. ☑ Haar mees onlangse saamspanning met Hennie Meyer is 'n terugkeer na prettige, byderwetse en speelse ontwerpe. ☑ Die titel "*Wall Flower*" voeg 'n element van spitsvondigheid by die konyemporêre ontwerp, want 'n muurblommetjie by 'n dansparty ("*wall flower)*" is gewoonlik 'n vrou wat by 'n dans geïgnoreer word. ☑ Hier is die "wall flower" nie meer alleen nie, maar word in 'n groep "wall flowers" uitgestal waar almal gelukkig en vrolik lyk. ☑ Hulle is letterlik muurblommetjies ("wall flowers"). Hulle geluk word verder versterk deur die helder kleurgebruik en eienaardige vorms, uniek aan beide keramiekkunstenaars. ☑

Hylton Nel se invloed en klem op die handgemaakte en gepaardgaande oneweredigheid in vorm, dikte en tekstuur kom alles saam in hierdie werk. ☑ In doelbewuste kontras met die plat helderheid van die oorgeglasuurde enamel-verfwerk stel sy kwaliteite van subtiliteit, diepte en afwisseling bekend in haar gebruik van glasure. ☑ Hierdie stuk bevestig ook haar rol as 'vrou' en 'tuisskepper' binne die gemeenskap, familie en tuiste. ☑

**EN**



**"Wall flower" by Die Indaba deur Clementina van der Walt en Hennie Meyer (2010)**



**Ander voorbeelde van Clementina van der Walt se werke duidelik beïnvloed deur Afrika.**

**<u>Doelwitte van en invloede op die ontwerper</u>**:

Haar vroeë keramiek was geïnspireer deur dieragtige vorms of Afrika-mitologie, ☑ geometriese vorms gebruik in Zulu en Ndebele kralewerk, ☑ Afrika-tekstiele, pottebakkery en mandjiewerk. ☑ Dit het haar kenmerkende styl van die 80s geword wat gelyk het asof dit die kulturele mylpale van Suider-Afrika gevier het en die politieke bevryding aan die einde van die dekade voorafgegaan het. Sy word geïnspireer deur William Morris se woorde:"*Moet niks in julle huise hê wat julle weet nie bruikbaar of mooi is nie*". Sy nougesetheid en ekonomie het haar werk diep beïnvloed. ☑ In 1993 het Clementina van der Walt Hylton Nel in Bethulie besoek en vir twee weke met hom in sy ateljee gewerk. Na afloop van haar besoek aan Bethulie het sy begin om handgemaakte, individuele stukke te maak wat in elke aspek gekontrasteer het met haar fabriekvervaardigde werk. ☑ Alhoewel nie opsigtelik in die styl van haar onlangse keramiekwerk nie, kan hierdie aan baie Afrika-tradisies of kombuisgereedskap gekoppel word. ☑ Hulle is ook 'n uitdrukking van huislike rituele en bevestig mens se plek in die gemeenskap en familie, beide lewend en dood. ☑ Onlangs is die invloed van oosterse modelle sigbaar. ☑ Hierdie reeks van keramiekware is spesifiek gemaak om die vereistes van 'n makrobiotiese kookwyse wat sy praktiseer. ☑

**<u>Omgewingskwessies aangespreek deur die ontwerper</u>**:
<u>Leerders moet motiveer hoekom die ontwerper as "Aardkryger" ("*Earth Warrior")* *gesien kan word*</u>.
Clementina van der Walt se gebruik van volhoubare materiaal, naamlik klei, bevestig haar as 'n "Aardkryger" ("Earth Warrior"). ☑ "Moeder Aarde" verskaf haar met pigmente en inspirasie vir haar gebruik van twee-/drie-dimensionele vorms en teksture. ☑ 'n Mikrobiotiese kookwyse gaan oor 'n gesonde manier van kook. Dus ontwerp sy gereedskap om 'n makrobiotiese lewenswyse te ondersteun, ☑ deur gebruik te maak van organiese kosse eie aan die seisoen en klimaat om die menslike sisteem te balanseer. ☑ Hierdie gereedskap vier 'n groot behoefte om terug te keer na natuurlike kosse en die aarde. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord

| **V6.3 VLAK** | **KOGNITIEWE VAARDIGHEDE** | **GEWIGS-TOEKENNING** | **VRAE** | **PUNTE 20** |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping/ Waarneming/ Begrip | 30% | 6.3 | 6 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | 6.3 | 8 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 30% | 6.3 | 6 |

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

**VRAAG 7 [30 punte]**

**AS 9: Demonstreer die basiese begrip van bemarking van ontwerpprodukte in terme van teikenmark, verpakking en advertering.**

**AS10: Demonstreer die begrip van verantwoordbare ontwerp deur die inagneming van menslike regte en omgewingsaangeleenthede dwarsdeur die proses.**

**AS11: Ondersoek loopbaangeleenthede binne die ontwerpdissipline.**

**Beantwoord òf 7.1 ÒF 7.2**

Die toepassing van kritiese denkvaardighede en die wyse waarop die leerder bevoeg is om die vraag toepaslik te beantwoord, moet in die algehele assessering van hierdie vraag in ag geneem word. Krediet moet ook gegee word aan enige ander redelike waarnemings.

**7.1 <u>ONTWERP IN 'n BESIGHEIDSKONTEKS</u>**

**7.1.1 (Ken 8 punte toe)**

**"<u>Re-energy" se teikenmark</u>:**
Omgewings- en/of gesondheidsbewuste mense wat die buitelewe geniet, sal geteiken word. ☑ Tieners oor die algemeen sal geteiken word, ☑ asook korporatiewe mense wat aan die gang is en nie tyd het om hulle fone, ipods, ens. te laai nie. ☑

**<u>Aspekte wat in ag geneem sal moet word gedurende koste- en prysbepaling</u>:**
Die koste van materiale wat gebruik word sal 'n faktor wees. ☑ Die duur toerusting benodig vir produksie sal ook in ag geneem moet word. ☑ Die gebruik van opgeleide en vaardige werkers in die vervaardigingsproses sal die koste- en prysbepaling beïnvloed. ☑ Die huur van werksruimte, ☑ transportkoste en ☑ versekering van die werksruimte en produkte sal die pryse affekteer. ☑ Die verskaffing van geriewe aan die werkers. ☑ Dit sal baie duur wees om te bemark. ☑

**<u>Aanvanklike befondsings- en finansieringsopsies</u>:**
Banklening, ☑ korporatiewe borgskap ☑ of private en persoonlike finansiering. ☑

**<u>Moontlike toekomstige bemarkingstrategieë</u>:**
Ondersoek die uitvoerbaarheid van die toepassing van die konsep op rolstoele ☑ en/of ander mobiele toestelle, bv. skootrekenaars, ☑ radio's ☑ en gimfietse, of ander gim-toerusting. ☑






**7.1.2 (Ken 4 punte toe):**

Kleur: Die kleur groen is oorwegend gebruik om 'n groen, omgewings- en volhoubare lewensfilosofie te simboliseer. ☑ Die kleur groen het ook die idee van herwinning of die hergebruik-simbool gefokus met die energie of krag gegenereer deur die trap van die fiets. ☑ Die groen gras dra ook by tot die konsep. ☑

Vorm: Sirkelvorms is herhaaldelik gebruik in die fietswiel en die beweging binne die wiel is nageboots deur die herwinningssimbool. ☑ Die universele beginsel van voortsetting is ook aangewend om die aanhoudende draai van die wiel te suggereer. ☑ Driehoekige vorms kontrasteer met die voortdurende gebruik van die ronde vorms. ☑

Lyn: Lyne is gekrom of rond ☑ om die idee van beweging en voortdurende herwinning verder te versterk. ☑ Geen skerp lyne is gebruik nie.

Tekstuur: Baie gladde tekstuur om die ergonomiese gevoel van vaartbelyning en kontinuïteit te verhoog. ☑

7.1.3 **7.1.3 (Ken 8 punte toe)**

**'SWOT'-ANALISE:**

Sterk punte: Bevorder 'n groen energie-sparende lewensstyl, tesame met 'n gesonde en fiks manier van lewe. ☑ Dit is liggewig en maklik om te stoor in 'n klein woonplekkie. ☑ Besparing van elektrisiteit is 'n groot voordeel vir die meeste lande. ☑ Oortollige energie kan in jou huis of woonplek gebruik word. ☑

Swakhede: Gestremde mense ☑ of mense wat nie hou van fietsry nie ☑ sal nie belê in hierdie produk of dit koop nie. Weersomstandighede kan die funsionaliteit van hierdie produk beïnvloed. ☑ Veiligheidsoorwegings. ☑

Geleenthede: Gims of fiksheidsentrums wat omgewingsbewus is, ☑ korporatiewe mense wat konstant aan die beweeg is, ☑ tieners wat 'n aktiewe leefstyl handhaaf en ☑ die mediese sektor mag geïnteresseerd wees om te belê as gevolg van die groeiende aantal manse met vetsug en verwante gesondheidsprobleme. ☑

Bedreigings: Maatskappye of ontwerpers met dieselfde idees of konsepte. ☑ Banklenings mag onderhewe wees aan goedkeuring. ☑ Dit mag te duur wees om te produseer ☑ en tegnologie moet gedurig opgegradeer word wat dit selfs nog duurder mag maak. ☑

**Kyk na die punte-toekenning om die lengte van jou paragrawe te lei.**
**Die opskrifte mag ook gekrediteer word.**

**7.1.4 Vergelyking tussen FIGURE B en C: (Ken 6 punte toe)**

**FIGUUR C:** Hierdie ontwerpe het 'n spesifieke doel en teiken. ☑ Hulle werk volgens 'n opdrag, 'n spesifieke begroting ☑ en 'n sperdatum. ☑ Die ontwerper is gefokus op die versekering dat die ontwerpoplossing goed lyk of esteties aanvaarbaar en dat dit die lewe kan verbeter of alternatiewelik ons manier van lewe kan verander. ☑ Die produkte word ook beïnvloed deur die jongste tendense. ☑ Dis meer funksioneel. ☑

**FIGUUR B:** Hier is die ontwerpe behep met self-uitdrukking. Hulle deel met die omringende wêreld en kwessies vanuit die alledaagse lewe. ☑ Dit laat toe vir meer vryheid om idees en mediums te verken wat die boodskap eerder as die funksionaliteit beklemtoon. ☑ In FIGUUR B mag die ontwerper moontlik nie met 'n kliënt of hulle spesifikasies werk nie, tensy hulle 'n opdragwerk vir iemand moet skep. ☑ Die werk is meer dekoratief. ☑

**7.1.5 (Ken 4 punte toe)**

**Bemarkingstrategieë:**

'n Glansleefstyl en kunstydskrifte kan geteiken word. ☑ Advertensies kan in spesialiseringstydskrifte en –boeke geplaas word om met die nuutste ontwerp- en kunskwessies te deel, bv. Design Indaba tydskrifte, Visi, ens. ☑
Ontbloting aan die media kan gebeur deur die sigbaarheid by erkende kulturele sentrums en byeenkomste. ☑ Geakkrediteerde webtuistes is nodig. ☑ Bemarking en die promosie van 'n handelsnaam (nasionaal en internasionaal) sal voordelig wees. ☑

**Uitstalgeleenthede:**

Geakkrediteerde galerye, ☑ museums ☑ of privaatinstansies, wat oop is aan die publiek, kan gebruik word vir die uitstal van hierdie ontwerpe. ☑ Hierdie ontwerpe vereis ook 'n uitstalling by internasionale galerye en museums, nie net plaaslik nie. ☑

OF enige ander redelike antwoorde.

| V7.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE 30 |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Herroeping/ Kennis | 30% | 7.1.5 + 7.1.3 | 9 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | 7.1.1 + 7.1.2 + 7.1.4 | 12 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 30% | 7.1.1 + 7.1.4 | 9 |

**OF**

7.2 **(Ken 30 punte in totaal toe)**

**7.2.1 (Ken 15 punte toe):**

Vergelyking tussen **FIGURE A** tot **C** na aanleiding van:

- **Toeganklikheid:** FIGUUR A sal slegs toeganklik wees aan die mees welaf stedelike mense ☑ terwyl FIGUUR B vir toeriste en reisigers in landelike gebiede sal wees. ☑ FIGUUR C sal meestal toeganklik wees vir stedelike gemeenskappe. ☑
- **Finansiële lewensvatbaarheid:** In FIGUUR A sal die maandelikse huur van die winkel baie hoog wees omdat dit in 'n luukse sentrum geleë is, wat die profyt sal verminder, ☑ maar in FIGUUR B sal daar geen huur wees nie, verhoogde profyt en laer verkooppryse. ☑ In FIGUUR C is die huur moontlik gemiddeld en baie meer bekostigbaar as in die sentrum, wat die profytgrense en verkooppryse in vergelyking met die koste regverdig. ☑

- **Teikenmark:** FIGUUR A se teikenmark sal die welaf besoeker aan die luukse inkopiesentrum wees, wat eksklusiewe klere-ontwerpe wil koop, meestal vir die korporatiewe wêreld. ☑ Die teikenmark vir FIGUUR B sal die toevallige verbyganger, die toeriste of miskien die ingeligte vlytkunsversamelaar wees. ☑ In FIGUUR C is die teikenmark hoofsaaklik mense van die plaaslike gemeenskap, gereelde klante wat binne loopafstand van die winkel woon. ☑

- **Reklame:** Reklame in FIGUUR A sal moontlik binne die sentrum of deur glanstydskrifte en/of korporatiewe tydskrifte of leefstylprogramme/ - advertensies op televisie plaasvind. ☑ FIGUUR B se reklame sal moontlik mondelings, deur artikels in ontwerptydskrifte, toeriste-blaadjies of strooibiljette plaasvind. ☑ Reklame vir FIGUUR C mag ook mondelings plaasvind (in die plaaslike gemeenskap) of deur plakkate wat plaaslik opgeplak is. ☑
- **Volhoubaarheid:** FIGUUR A sal afhanklik wees van mode-giere, ekonomiese tendense en die sukses van die inkopiesentrum se aantrekkingskrag. ☑ FIGUUR B sal afhanklik wees van die gewildheid van die roete as toeriste-attraksie, asook die weer en omgewingsomstandighede. ☑ FIGUUR C kan heel moontlik die mees volhoubare van al drie wees omdat dit 'n gemeenskaplike instelling sal word solank as wat die eienaar dit wil aanhou en die gebou beskikbaar is. ☑

Gee krediet aan enige ander inligting wat op bogenoemde aspekte konsentreer. Die bespreking behoort duidelik en gefokus op die vereistes te wees.

**7.2.2 (Ken 5 punte toe):**

Die belangrike elemente van 'n suksesvolle uitstalling kan wees:

- Die uitstalling moet die oog vang deur die gebruik van kleur of klem – 'n sekere element wat die verbyganger meer as een keer wil laat kyk. ☑
- Die uitstalling behoort die handelsware aanbied op 'n wyse wat die belangstelling prikkel. ☑
- Die uitstalling moet duidelik wees en nie oorvol nie, tensy die styl van die handelsware of konteks daarvoor vra. ☑
- Die uitstalling moet aandag trek en innoverend wees. ☑
- Die uitstalling behoort 'n eenheid te vorm, netjies en ordelik wees. ☑

**7.2.3 (Ken 3 punte toe):**

Die kandidaat kan enige van die drie visuele voorbeelde in FIGURE A tot C kies, solank die keuse gemotiveer word deur die elemente van 'n goeie uitstalling.
VOORBEELD: FIGUUR A want die uitstalling is duidelik, nie oorvol nie ☑ en lyk na 'n eenheid en is netjies, gerangskik op 'n ordelike wyse. ☑ Aangesien die vertoonvenster 'n groot area dek, sal dit veelvuldige geleenthede skep om die aandag van verbygangers te trek. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord of relevante punte.

**7.2.4 (Ken 3 punte toe):**

In FIGUUR A kan die produkte verpak word in sakke met die handelsnaam daarop of in ontwerper-drasakke. ☑ In FIGUUR B kan die verpakking goedkoop wees, maklik verkrygbare toedraaipapier om die produk te beskerm wanneer dit vervoer word, bv. koerantpapier. ☑ Verpakking in FIGUUR C kan gewone plastiek of bruin papiersakkies wees. ☑

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord of relevante punte.

**7.2.5 (Ken 4 punte toe):**
Moontlike loopbane (hierdie is slegs voorbeelde):
Visuele Kommunikasie Ontwerp: Grafiese Ontwerper; Fotograaf; Animeerder; Web Ontwerper; Joernalis; Kommunikasie bestuurder
Oppervlak Ontwerp: Mode-ontwerper; Binnenshuise Ontwerper; Tekstiel-ontwerper; Muurpapier-ontwerper
Produk Ontwerp: Mode-ontwerper;Juweliersontwerper; Binnenshuise Ontwerper; Industriële Ontwerper; Produkontwerper;
Omgewingsontwerp: Argitek; Landskapsontwerper; Stelontwerper vir teater of televisie; Stads- of Streeksbeplanner; Gebeurtenisbemarker; Gebeurtenisjoernalis

Algemeen: Handelsmerkkonsultant; Handelsmerkbestuurder; Bemarkingsbestuurder; Handelsmerkargitek, Strategiese Beplanner; Media-beplanner

Krediet moet gegee word aan enige geldige en redelike antwoord.

| V7.2<br>VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE<br>30 |
|---|---|---|---|---|
| Lae orde | Waarneming/<br>Begrip/<br>Herroeping | 30% | 7.2.2 + 7.2.5 | 9 |
| Middel-orde | Toepassing | 40% | 7.2.1 + 7.2.3 + 7.2.4 | 12 |
| Hoër orde | Analise<br>Sintese<br>Evaluering | 30% | 7.2.1 + 7.2.4 | 9 |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou